

Shofar Christian Church

# Volg Hom

**Jaco van Rooyen**

1 Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die
volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na
die hoëpriester toe gegaan 2 en van hom
bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus
gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van
die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange
te neem en na Jerusalem toe te bring.

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

3 Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig
uit die hemel op hom gestraal. 4 Hy het op die grond
neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom
vervolg jy My?”
5“Wie is U, Here?” vra hy toe.
“Ek is Jesus,” antwoord Hy. “Dit is vir My wat jy vervolg.  6
Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou
gesê word wat jy moet doen.”

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

7 Die mense wat saam met hom op pad was, het
sprakeloos gestaan. Hulle het die stem gehoor maar
niemand gesien nie. 8 Toe Saulus van die grond af opstaan
en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het sy hand
gevat en hom na Damaskus toe gelei. 9 Drie dae lank kon
hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink nie.
10 In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met
die naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep:
“Ananias!” “Hier is ek, Here,” het hy geantwoord.

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

11 En die Here sê vir hom: “Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid 12 en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien.”

13 Maar Ananias sê: “Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het.

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

14 En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om
almal gevange te neem wat u Naam aanroep."
15 Toe sê die Here vir hom: "Gaan daarheen, want Ek het
hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder
die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel.
16 Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet
ly."

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

17 Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy
het Saulus die hande opgelê en gesê: “Saul, broer, die Here
Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was,
het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met
die Heilige Gees vervul kan word.”
18 Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë
afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is
gedoop; 19 en hy het geëet en sy kragte herwin.

**Handelinge 9:1-19 AFR83**

16 Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.”

**Gen 28:16 AFR83**

# 4 Dinge wat ons leer by Paulus en Ananias se ontmoetings:

- Ons moet teenwoordig wees wanneer God teenwoordig is.

# 4 Dinge wat ons leer by Paulus en Ananias se ontmoetings:

- Ons moet leer om die tekens te lees van God se teenwoordigheid soos deur ander ervaar.

# 4 Dinge wat ons leer by Paulus en Ananias se ontmoetings:

- Ontmoetings vereis transformasie en mobilisasie.

# 4 Dinge wat ons leer by Paulus en Ananias se ontmoetings:

- Ontmoetings herstel ons visie van God se koninkryk en mense.